# GOUTIE GONSBLAD

9/2016 15 April 2016

**Onthou om ons te besoek by: www.gouties.co.za of Facebook: Gouties Prestasies.**

**Raak deel van ons Goutie BBM groep by: 274CC56C**

**Uit die kantoor….**

Be-ste Gouties

Die tweede kwartaal is aan die gang en ons woeker steeds met ons talente op alle gebiede. Vanoggend, in my persoonlike tyd, staan dit so duidelik en so mooi verstaanbaar en maak dit skielik vir my sin, want dit is so maklik.

Hoe meer verantwoordelikheid jy neem hoe minder word jou regte. Baie ironies, is dit nie en tog so waar. Dié van ons wat altyd sukkel om verantwoordelikheid te neem, is altyd eerste met ons regte wat aangetas word, want regte oorskadu verantwoordelikheid in so ‘n mate dat ons daardeur lamgelê word. Ons stel regte so voorrop dat ons vergeet dit kom saam met verantwoordelikheid.

Mag almal wat negatief, krities en moedeloos is opstaan, die verantwoordelikheid neem en sáám die wa deur die drif trek.!

Ons sien uit na die ATKV PUKKE-Kunstefees asook, Mnr. en Mej. Goutie en dan twee tuiswedstryde in ‘n ry. Die Ouerkomitee het ‘n ondersteunersklub op die been gebring en ons vra dat u daarby moet inskakel.

Al ons A-rugbyspanne het gedurende langnaweek op die STANDARDBANK Grey PE Rugbyfees teen Stirling High School van Oos-Londen, Dale College van King William’s Town en Brandwag van Uitenhage gespeel.

Beste wense

Paul Sauer

**Maak seker die skool het JOU OUERS se**  **Epos-pos adres!!!!!**




Goudveld-Hoërskool
057Tel: 352 7187
Faks: 086 554 0586

# Vrystaat Muurbal





Keschia Scorgie en Adri de Jager neem aan die Vrystaat Muurbaltoernooi in Bloemfontein deel waar Keschia 1ste en Adri 5de vir meisies o.19 eindig. Onverbeterlik gedoen julle

# Gouties Praise and Worship voor skool!



# Pryslys Sportklere

**ATLETIEK**
Hemde - R195
Broek (Lycra) - R150
Kouse - R65

**HOKKIE EN NETBAL**
Hokkiekouse - R100
Broek (Lycra) - R130
Hemp - R195
Romp - R150
Netbalkouse - R65
Netbalpet - R60

**KRIEKET EN TENNIS**
Kriekethoed - R60
Kiekethemp - R280

**RUGBYKOUSE - R55**
L= 4-7, XL = 8-9
2XL = 10-12

Goutiebroek - R150
Goutiehemp - R185
Goutiekussing - R100
Rugsakke - R165
Vol Sweetpak - R620
Sweetpakbaadjie - R38

## Snoepietye

Die snoepie is slegs die volgende tye oop vir die verkoop van sportklere:
6:45 - 10:00
12:00 - 14:30


# Belangrike datums

**28 April - 2 Mei:**
Grey Rugbyfees
**2 Mei:**
Publieke vakansiedag
**3 Mei:**
Mnr. en Mej. Goutie oefen18:00
Netbal vs Hoopstad weg
**4 Mei:**
Mnr. en Mej Goutie oefen18:00
Hokkie vs Riebeeckstad tuis
**5 Mei:**
Mnr. en Mej. Goutie oefen18:00
ATKV Redenaars Witteberg
Bloedskenk
**6 Mei:**
Landloopliga
ATKV Redenaars Witteberg
**7 Mei:**
Hokkie vs WHS weg
Netbal Lejweleputswaproewe by Wessel Maree
**8 Mei:**
Voortrekker Spandag
Voortrekkers Inlywing
Mnr. en Mej. Goutie oefen18:00
**9 Mei:**
Mnr. en Mej. Goutie oefen18:00
Ouerkomiteevergadering 18:00

# Ruiterkuns



Clarisse Fourie het verlede naweek aan die 2de Sanesa Kwalifiserende Kampioenskap in Bloemfontein deelgeneem. Clarisse en haar perd, Captain Cuddles, het 'n 1ste plek vir Vertoonkunsry Vlak 5 en 4de plekke vir beide Dresseer Novice 2 en Novice 3 gekry. Baie geluk Clarisse. Uitstekend gedoen.!



Rozelle Greyling het verlede naweek aan die 2de Sanesa Kwalifiserende Kampioenskap in Bloemfontein deelgeneem. Rozelle en haar perd, Tango Bravo, het 'n 1ste plek vir "Working Hunter" 90cm en 2de plekke vir beide Dresseer Novice 2 en Novice 3 gekry. Baie geluk Rozelle.! Skitterende prestasie.!

Pragtig!

# Gouties Judo



Baie geluk aan die volgende leerders van Goudveld-Hoërskool wat uitstekend presteer het op die Judo Statebondspele wat in Port–Elizabeth plaasgevind het.

Chanté Labuschagne en Keschia Scorgie het in groep 5 van die Statebondspele (onder 63kg) onderskeidelik silwer en brons medaljes gewen. Die wenner in die afdeling is van Skotland en die huidige wêreldkampioen.

In die Nasionale graderingsgevegte het Chanté en Keschia in groep 5 en 6 gevegte deelgeneem. In groep 5 het Keschia goud gewen en Chanté silwer. In groep 6 het Chanté goud en Keschia silwer gewen.

Elsjé Luddick het op die Statebondspele 'n brons medalje gewen in groep 4 (onder 63 kg) en in die Nasionale Graderingsgevegte opgeskuif na die na 0/70kg afdeling, waar sy 4e geëindig het.

Danél Luddick het op die Statebondspele 'n silwer medalje gewen in die o.52kg afdeling en tydens die Nasionale Graderingsgevegte ook 'n silwer in die o.57kg afdeling..

Voor in die foto is Chanté Labuschagne. Agter links is Danél Luddick, Elsjé Luddick en Keschia Scorgie

**Skitterend!!**

## Beroepsdag

Goudveld-Hoërskool het weer 'n Beroepsdag op 22 April aangebied. Meer as dertig instansies was teenwoordig. 'n Vertoning is pouse deur Working on Fire en ER24 gehou. Leerders kon eerstehands ervaar hoe die brandweermanne deur vuur hardloop en mekaar help sou een val. Hulle het ook gedemonstreer hoe hulle 'n vuur doodslaan en later dan blus met die brandweerwa. ER24 het gedemonstreer wat hulle doen as een van die brandweer manne sou seerkry.

Meer as 1 300 leerders het die dag bygewoon. Dit was 'n groot sukses!

